

Nabetragting Boodskap Sondag 27 September 2020

Matt. 5:13 ev: Hoe skakel mens jou liggie aan?

Maandag: Baie keer is mens onbewus van jou gawes en talente. Wat dink jy is jou gawes en talente? Talente is daardie natuurlike vermoëns wat jy het – dit voel of jy net weet om dit te doen. Gawes is daardie iets wat as jy dit doen, dit veel meer vrug dra as wat jy verwag het. Alles wat jy insit in die lewe en tot voordeel is van God se koninkryk van liefde sal die stempel dra van God se Gees in aksie. As jy baie hard probeer om iets reg te kry of te doen, maar dit wil nie werk nie, is jy dalk besig om buite jou natuurlike talente of Godgegewe gawes te probeer. Kan mens jou gawes gebruik om God se koninkryk af te breek? Nee, dit is iets wat baie gou teen jou boemerang. Kan mens jou talente gebruik tot nadeel van die skepping? Ja, maar dit sal jou nooit gemoedsrus gee nie.

Dinsdag: Baie keer voel dit of mens alleen probeer om iets vir God reg te kry, so asof jou insette geen vrug dra nie. Dis maklik om agter die kap van die byl te kom – vra die Here om vir jou te wys hoekom dit so is. Soms is die antwoord dat die vrug eers later kom, soms dat jy net op verkeerde fondasie bou e.d.m., maar dis te ingewikkeld om self uit te werk. Dis baie beter om te luister na wat die Here meen as wat jy moet opgee of voortstruikel en jouself uitmergel. Dit help ook om 'n mede-gelowige of twee se hulp in te roep waar julle saam daarvoor kan bid en wat jou aanvoelings kan bevestig of bevrage. Die oorheersende slotsom sal egter altyd wees dat dit wat jy doen, 'n fokuspunt moet hê – en dit sal altyd buitekant jouself wees en nooit te make sal hê met veroordeling nie.

Woensdag: Dit is deel van die skepping dat daar 'n verhewe inspraak via die Gees van God is wat ons in verstaan kan vergelyk met elektrisiteit. Dit is 'n kragveld wat eintlik op sigself niks kan regkry nie – dit het altyd 'n eindpunt nodig waar die elektrisiteit omgeskakel kan word in iets bruikbaar soos byvoorbeeld hitte of lig. Hierdie meerdere inspraak word dikwels die kragveld van liefde genoem. Liefde het veel invalshoeke en wat so bedoel word, is dan die potensiaal van liefdeskrag om dinge soos verhoudinge beter te maak. Dit is asof enige poging om God se opdrag aan ons om as sy verteenwoordigers op te tree, die kragveld van liefde benodig om tot vrug te kom. Liefde kan vergelyk word met orde en die teenoorgestelde van liefde in dié opsig, is vrees wat weer gelykgestel kan word met wanorde.

Donderdag: Vele kere sukkel gelowiges om presies te verstaan wat van hulle verwag word deur God en medemens. Dit ook teen die agtergrond dat in definisie dit tog baie goed en deeglik verklaar word – onder meer in die Bybel op vele plekke. Dit is net wanneer jy uit jou eie perspektief en lewensomstandighede daarvoor nadink, dat die prentjie soms baie wasig word. Daar is 'n baie goeie en praktiese hulpmiddel: Identifiseer so na as moontlik wat dit is wat jou pla – daardie iets wat heeltyd bly knaag. Skryf dit neer in een kort sin – nie 'n verduideliking nie – net een kort sin. Probeer dan neerskryf presies wat die sin nie sê nie, m.a.w. die teenoorgestelde daarvan. Dit is baie makliker om iets in te sien as jy presies sien wat dit nie is nie. Dan vertaal jy weer die sin terug na presies wat jy dink dit beteken i.t.v. wat van jou verwag word deur die Here. Die geheim is om dan dadelik 'n eerste stap te neem om dit uit te voer – dadelik.

Vrydag: Dit is so dat opgehoopte energie soos elektrisiteit kan ontlaai en groot skade maak. In die atoom-sentrum is daar baie energie beskikbaar, maar dit is in 'n on-geaktiveerde vorm. Die mens is in staat om die mensdom uit te wis as al die energie tot sy beskikking verkeerd benut word. Op 'n kleiner skaal geld dieselfde vir elke mens. Elkeen van ons kan groot skade maak as ons toelaat dat ons gawes en talente verkeerd benut word deur ander mense of groepe, instansies e.d.m. Geen mens het die volle vermoë of wysheid om al die gevare raak te sien van misbruik nie – daarom moet ons in gesinsgroepe, kleingroepe of geloofsgroepe mekaar bystaan as 'n veiligheidsnetwerk. Soos elke huisgesin moet elke gemeente veel aandag aan hierdie veiligheidsnetwerk gee. Dit raak des te meer belangrik soos die sosiale e-media meer en meer ons basiese formaat van kontak uitmaak. Waar die gesin die kern groepie is en die gemeente die makro-groep kan wees, is die kleingroep die beste manier om hierdie basis van hulp te bied.